Wes-Kaap Onderwysdepartement
A Douman
I Swartz
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
aqeeb.douman@westerncape.gov.za | 021 467 2770
ivan.swartz@westerncape.gov.za | 021 467 2255

Lêerno.: 26/1/P
Verwysing: 20220215-9808

Omsendbrief: 0011/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer- en privaat losies subsidies, en personeelsubsidies aan koshuise en skole.*

Onderwerp: Verhoging in die bedrae betaalbaar vir verblyf-, vervoer- en privaat losies subsidies, en personeelsubsidies aan koshuise en skole

1. **Subsidies vir verblyf in koshuise, privaat losies en privaat vervoer**

1.1 Goedkeuring vir 'n verhoging van die volgende beurse is verleen met ingang van **01 April 2022**:

1.1.1 Subsidies vir verblyf in koshuise
Die maksimum subsidies vir verblyf wat aan behoeftige leerders in koshuise verbonde aan gewone openbare skole betaalbaar is, is van R10 330,00 tot R10 770,00 per leerder per jaar verhoog.

1.1.2 Privaat losies en subsidies vir privaat vervoer
Die maksimum subsidies vir privaat losies en vervoer wat aan behoeftige leerders in die Weskus-, Kaapse Wynland-, Eden en Sentale Karoo-, en Overbergdistrikte betaalbaar is, is van R2 425,00 tot R2 530,00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Let wel: Al die bogenoemde subsidies word bereken volgens die goedgekeurde middeletoets (kyk Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningsminuut 0001/2018, gedateer 09 Maart 2018) en die kriteria soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998, gedateer 06 November 1998, en Omsendbrief 0029/2001, gedateer 13 Maart 2001.

2. **Personeelsubsidies**

2.1 Goedkeuring is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2022**:

2.1.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van minder as 201 leerders, vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is verhoog van R680,00 tot R710,00 per leerder per jaar. 'n Minimum van R25 960,00 sal aan 'n skool betaal word.

2.1.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan gewone openbare skoolkoshuise met minder as 50 koshuisgangers, vir die aanstelling van administratiewe personeel, is verhoog van R10 330,00 tot R10 770,00 per leerder per jaar.

2.2 Let wel: Die personeelsubsidies word bereken volgens die kriteria wat in Omsendbrief 0117/2000, gedateer 03 September 2000, en Omsendbrief 0025/2011, gedateer 11 Oktober 2011 uiteengesit is.

2.3 indien daar bevestig word dat die skool botallige staatsdienspersoneel het, sal 'n personeelsubsidie nie betaal word aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 200 of minder leerders, of aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 50 of minder kosgangers in die koshuise wat daaraan verbonde is nie.

3. Geld sal slegs aan 'n skool oorbetaal word indien die distrikskantoor dit as finansieel gesond sertifiseer, soos gegrond op die finansiële aktiwiteite van vorige kwartale. As 'n skool voorts nie as finansieel gesond op of voor die einde van die boekjaar gesertifiseer word nie, kan die skool sy oordragbetalingsbefondsing verbeur.

4. **Kontaknommers vir navrae**

Onderwerp	Amptenaar	Tel.	E-posadres
Oordragbetalings: Subsidies vir Koshuisverblyf	Ivan Swartz	021 467 2255	Ivan.Swartz@westerncape.gov.za
Oordragbetalings: Subsidies vir Privaat losies, Privaat vervoer, Personeelsubsidies – skole, Personeelsubsidies – koshuise	Aqeeb Douman	021 467 2770	Aqeeb.Douman@westerncape.gov.za

5. Indien die betrokke persone hierbo nie per telefoon bereik kan word nie, word skole/koshuise aangemoedig om enige navrae skriftelik in te dien.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-03-04